

ecsponent
bele met die tye

ecsponuus

NUUSBRIEF | APRIL | 2016

Koste knou beleggingsgroei

Koste is 'n wesenlike faktor wat beleggers se opbrengs verminder en standaarde word binnekort ingestel wat produkverskaffers sal verplig om die volle kostekomponente van hul produkte te openbaar. Dit sal beleggers in staat stel om beleggingskoste van produkte te vergelyk voor 'n beleggingskeuse gemaak word.

In Suid-Afrika is die koste van beleggings van die duurste ter wêreld. In Kanada waar fondskoste van die hoogste is, kan die algehele koste van 'n aandelefonds tot 2,5% beloop. In ons land is dit niks ongewoon vir finansiële diensteverskaffers en instellings om tot 3% en selfs 3,5% vir 'n gewone effektetrustfonds te hef nie.

Waarvoor word koste gehef?

Plaaslik word dikwels net die fondsbestuur- en administrasiekoste ingesluit om die totale kosteverhouding (TER) te bepaal. Dit sluit egter nie die koste in wat 'n finansiële adviseur of die platform (koste van al die maatskappye wat die portefeulje bestuur) hef nie. 'n Adviseur kan 'n aanvangs- en jaarkoste van tussen 0,5% en 1% byvoeg en 'n platform tussen 0,1% en 0,3%.

Daar is boonop soms ook 'n heffing vir "prestasiegeld" as 'n fonds sy maatstaf klop. Die maatstaf is bonusse wat regstreeks van die beleggers se opbrengste verhaal word.

Suid-Afrika is een van die min lande wat prestasiegeld toelaat. Maar waarom moet 'n fondsbestuurder bykomende vergoeding vir goeie werk kry, m.a.w. as die fonds se beleggingsdoelwitte bereik word? Word 'n chirurg meer betaal as 'n operasie suksesvol gedoen word?

Deursigtige kostestrukture

Net soos saamgestelde groei/rente jou belegging oor jare kan laat groei, kan koste die belegging aansienlik knou. As belegger wil jy dus graag so min moontlik van jou beleggingsopbrengste afstaan aan koste en fooie maar ter selfde tyd gerus wees dat jy 'n goeie beleggingsopbrengs verdien.

Die goeie nuus is dat lede van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) van 1 Junie vanjaar verplig is om hul standaard oor Effektiewe Jaarlikse Koste (EJK) te aanvaar wat in Oktober in werking tree. Hierdie standaarde sal beleggers in staat stel om die koste van verskillende spaar- en beleggingsprodukte en die impak op hul opbrengste te vergelyk.

Euné Engelbrecht - Uitvoerende Hoof

Suid-Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100 • Acacia Huis, Green Hill Village Kantoorpark, h/v Botterklapper en Nentabosstraat (langs Lynnwoodweg), Pretoria
Swaziland: swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland
Botswana: botswana@ecsponent.com • + 267 391 8756 • 6e Vloer, Exponential Gebou, Plot 54351, Nuwe SSG, Gaborone, Botswana
www.ecsponent.com
Hierdie inhoud is slegs vir inligtingsdoeleindes en moet nie as advies beskou word nie.

Die EJK-standaard sal die openbaarmaking van kostes deur produkverskaffers standaardiseer, wat beleggers in staat sal stel om die koste van verskillende produkte op 'n betekenisvolle manier te vergelyk.

Die standaard is in ooreenstemming met die raamwerk insake die billike behandeling van kliënte wat bepaal dat hulle deeglik voor, gedurende en ná 'n verkoopstransaksie volledig ingelig moet word.

By Ecsponent word geen aanvangs- of jaarkoste verhaal nie. Die beleggingsbedrag word ten volle belê. Ons vooruitskattings wys ook duidelik die belegger se verwagte netto opbrengs, onderhewig aan hul belastingsituasie, oor 'n vyf-jaar periode.

Ecsponent se voorkeuraandeelprogram word deur die JSE gereguleer en die program verskaf kapitaal om uit te brei (sien langsaan hoe ons in 2015 gegroei het). Die voordeel vir beleggers is dat daar nie bestuur- of ander koste gehef word nie en boonop is beleggers daarvan verseker dat beleggings teen 'n spesifieke koers groei.

Gevallestudie

- Pieter belê R2 miljoen.
- Die helfte word belê by 'n verskaffer wat vooraf 'n koste van 3.5% (plus BTW) hef.
- Die ander R1 miljoen word by Ecsponent belê en 100% van die kapitaal word aan die belegging toegedeel.
- Die beleggings groei teen dieselfde koers van 70% oor 'n vyf jaar periode.
- Aan die einde van die termyn sal Pieter R67, 830 meer in sy rekening by Ecsponent hê as in die ander belegging. As hierdie R67, 830 belê word teen 8% per jaar, sal dit na 25 jaar R464, 532 werd wees.

Wanneer mens die syfers só vergelyk, het koste van 3.5% 'n aansienlike negatiewe effek op 'n belegging.

Sterk jaarresultate en toekomsvisie

Ecsponent se jaarresultate vir 2015 het uitstekende groei getoon met wins na belasting wat met 281% gestyg het tot R19.9 miljoen. Ander hoogtepunte van ons groepsbedrywighede sluit in:



Geleenthede om saam met ons te groei

In 2015 het die voorkeuraandeel dividende aan beleggers R25.1 miljoen beloop en beleggers sal in die toekoms voordeel bly trek uit die volgehoue finansiële groei. Besoek asseblief www.ecsponent.com/investor-relations vir meer inligting oor ons 2015 finansiële resultate.

Buiten ons goeie resultate en die verkryging van 'n meerderheidsbelang in Clade Investment Management, om ons batebestuurvermoëns aan te vul, is ons gereed om beleggingsopsies te verbreed en 'n wyer spektrum van keuses aan te bied. Daarom sal ons beleggers binnekort die geleentheid hê om voordeel te trek uit ons toekoms-gerigte beleggingsbenadering, met 'n keuse van verskeie produkte soos uittree-annuïteite, uitkeer beleggings en lewens-annuïteite ens.

Kontak asseblief jou Ecsponent verteeenwoordiger vir inligting hieroor.

Hierdie inhoud is slegs vir inligtingsdoeleindes en moet nie as advies beskou word nie.